# Gebedsbulletin
# No. 41 van 2023

## 08 Oktober 2023

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

## Om stil te bly vir die Waarheid, of nie

Spreuke 26:4 sê jy moenie 'n dwaas antwoord op dieselfde dwase manier, as hoe hy met jou praat nie. Dan is die grap op jou. Maar vers 5 sê die teenoorgestelde: "Antwoord 'n dwaas op dieselfde dwase manier, anders dink hy, hy is wys in sy eie oë." In hierdie twee verse het ons 'n klassieke geval van wysheid, wat in afsonderlike situasies verskillend toegepas word. Dit wat in een konteks reg klink, is in 'n volgende konteks nie die regte roete nie. Van praat en stilbly gepraat, die ou Joodse Talmoed vertel juis hoe die beroemde rabbi Kahana II op 'n dag uit Babilon in Israel aangekom het. Dadelik is hy genooi om te gaan sit op 'n ereplek in die eerste ry van die akademie van rabbi Jochanan. Maar hy wou nie aan enige debatte van die geleerdes deelneem nie. As gevolg van sy volgehoue stilte is rabbi Kahana uiteindelik terugskuif, ry vir ry, totdat hy uiteindelik in die laaste ry van die klas tussen die onbelangrike studente opgeeïndig het. Rabbi Jochanan het toe gesê dat daar 'n leeu in sy klas, genaamd rabbi Kahana, aangekom het, maar dat hy uiteindelik as 'n nietige jakkals opgeëindig het. Hierdie opmerking het allerlei verdere nadraaie gehad, wat rabbi Kahana op die ou end tog wel laat seëvier het. Maar hy het goed geweet om nie betrokke te raak in 'n godsdienstige gestry nie. Hy was bereid om eerder as 'n draadsitter beskou te word as om sy integriteit te verloor. Stilbly vir die waarheid is soms die regte roete. Dit beteken nie dat die waarheid dan in gedrang is nie. God se waarheid is immers ook soos 'n brullende leeu, soos wat die kerkvader Augustinus gesê het. Sy waarheid is baie groter en sterker as ons. Ons leef hierbinne. Vertrou ook die Heilige Gees om die waarheid op sy eie maniere te verdedig. Daarom kan ons stilbly wanneer ons die slag moet. Ons doen graag wat Paulus vir Timoteus in 2 Timoteus 2:23-24 geskryf het: "Ignoreer dwase en 'n oningeligte gestry. Moenie daaraan deelneem nie. Jy weet dat dit tot groot konflikte lei. Dienaars van die Here moenie baklei nie. Hulle moet sagmoedig teenoor almal wees."

***deur Stephan Joubert***

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Marinda Jordaan
Ria Putter
Maria Steyn
Sampie Swart
Annika Kilian
Monty Pienaar
Jaco Steenkamp
Oom Cedric Wiegand
Leonie Kruger
Sumari Pretorius
Heleen Lamont
Jillian Jansen
Tannie Martie de Beer
Albert Glockzin
Heinrich Kotzé
Willie Britz
Rudi Kruger
James Vermaak
Theuns Pelser
Frik Blom

Jaap Naudé
Neil Hauman
Tilly van Huysen
Flippie Rosslee
Talitha Prinsloo
Tannie Bets Coetzee




<u>***Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .***</u>
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN







Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in